**Graad 3 Assesseringstaak 1: Kwartaal 2 2017**
**Afrikaans: Dialoog**

**Naam:** ___________________________________________

**Uitgedeel: 10 Mei 2017** **Gereed wees: 17 Mei 2017**

Kom voer 'n dialoog op vir die klas oor hoe jy en 'n klasmaat 'n resep sal volg om iets te bak of te kook.

Dit is hoe jy dit moet doen:

- Skryf jou **eie** dialoog oor hoe jy en 'n maatjie 'n resep sal volg.
  Julle twee gaan die dialoog vir die klas opvoer.
  **Bring 2 kopieë saam**, sodat jou maatjie sy/haar woorde kan oefen en opvoer.
- Juffrou sal 'n maatjie in die klas kies, wat saam met jou, jou dialoog gaan opvoer. Julle gaan tyd kry om die dialoog saam in die klas te oefen.
  (Jy moet jou deel van die dialoog se woorde tuis ook oefen.)
- Voer die dialoog vir Juffrou op.
- Voordrag van dialoog **moet 'n minuut** lank wees.
- Onthou: Jy ontvang punte vir die dialoog wat jy opvoer en geskryf het, nie vir jou maatjie se opvoering nie.

**Jy gaan punte kry vir:**

- Interessantheid. (5)
- Praat jy of lees jy. (3)
- Duidelike uitspraak. (5)
- Samewerking met maat. (4)

* Tydsduur: 1 min. (2)
* Kopieë gebring (2)
* Gepaste resep (1)
* **Totaal (22)**

## Voorbeeld van dialoog

| | | |
|---|---|---|
| Piet | : | Goeie môre, Sarel. Sal jy my help pampoenkoekies bak? |
| Maat | : | Môre Piet. Ja, ek sien baie daarna uit, maar ek moet jou waarsku ek weet niks van pampoenkoekies bak af nie. |
| Piet | : | Ag, dis maklik. |
| Maat | : | Wat moet ek bring Piet? |